# Gelykenis van die ware vriend – Lukas 11:5-13

Kleingroepmateriaal 8 tot 14 Maart 2020

*Materiaal vir stiltetyd, kleingroepe of families*

## RUS

1. Gesels met mekaar oor julle ervaring van vriende. Hoe reageer julle as hulle iets op 'n ongeleë tyd van julle vra? Het julle al iets op 'n ongeleë tyd gevra?

2. Raak stil met: "Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken; jou broer is daar met die oog op jou nood." (Spreuke 17:17)

## HOOR

1. Lees Lukas 11:5-13. Wat tref julle?

2. Waarom gebruik Jesus die voorbeeld van drie brode? Waarom nie iets groters nie?

3. Waarom beklemtoon Jesus die "skaamteloosheid" van die versoek?

4. Watter prentjie skets Jesus vir ons van God met die lering wat Hy gee oor gebed? Dink aan die aanhaling uit die Bergrede, sowel as die twee voorbeelde van wat aardse pa's sal doen.

5. Hoekom koppel Jesus die gawe van die Heilige Gees aan hierdie lering?

6. Wat is julle ervaring van die Heilige Gees?

## LEEF

7. Glo julle dat God luister as ons bid? Vertel vir mekaar van julle ervaring.

8. Glo julle dat God goeie goed vir ons wil gee? Vertel vir mekaar van julle ervaring.

9. Hoekom gebeur slegte goed nogtans met ons?

10. Iemand het oor Josef se lewe gesê: "There is no situation so chaotic that God cannot from that situation, create something that is surpassingly good. He did it at the creation. He did it at the cross. He is doing it today." (Handley C. G. Moule). Is dit julle ervaring?

11. Deel met mekaar die dinge waarmee julle sukkel, en bid vir mekaar daarvoor.